Liefde is...
Happiness is...

# SUNLAWNS

## Pre-primêre Skool

waar lawwe lyfies lekker speel

# ALGEMENE INLIGTING

Sedert 1947

Hopwoodstr. St. 7, Universitas, Bloemfontein 9301
T. 051 522 7287, F. 086 552 2716, E. sunlawns@vodamail.co.za

Graag heet ons u en u kleuter, welkom by SUNLAWNS Pre-primêre Skool.

Ons vertrou dat u kleuter opwindende en gelukkige jare by SUNLAWNS sal ervaar. Dit is vir ons belangrik dat u as ouer, deel word van die SUNLAWNS gemeenskap, en so, nuwe vriendskapsbande met ander ouers smee. SUNLAWNS bestaan sedert 1947 en is trots op sy erfenis.

# 1. TOELATING EN BYWONING

1.1 Die toelatingsouderdom vir SUNLAWNS is Kleuters wat tot en met Mei 3jr word tot Desember 5jr.

1.2 Die Toelatings- en Taal-beleid vir kleuters: Afrikaans as huistaal. Engels as huistaal maar die kleuter moet Afrikaans ten volle magtig wees in toelating.

1.3 Die kleuter moet selfstandig wees t.o.v. toiletgewoontes. Toiletgewoontes word nie aangeleer nie, en geen doeke word toegelaat nie. Hierdie is ‘n belangrike aspek.

1.4 Die hoof mag in haar diskresie ‘n aansoek weier.

Sy het ook die bevoegdheid om na samesprekings met die ouers en die Beheerliggaam, die bywoning van ‘n kleuter by SUNLANWS te beëindig. Die tydperk van sodanige opsegging sal volgens Beheerliggaam en Skoolhoof se diskresie wees.

1.5 Gereelde bywoning deur kleuters is belangrik en tot hul voordeel. ‘n Vaste roetine t.o.v. skoolbywoning, bied sekuriteit, totaliteits ontwikkeling en verminder hartseer met afskeid. Skoolaktiwiteite begin om 8:00 en vir Juniors 7:30.

1.6 *Geen kleuter wat nie 'n ingeskrewe leerling van SUNLAWNS is, word toegelaat om vir 'n dag of meer, die skool by te woon nie.*

1.7 *Onwelvoeglike taal en ongewenste speletjies word nie toegelaat tussen kleuters nie. Hierdie leerlinge se ouers sal dadelik gekontak word.*

## 2. <u>SKOOLURE</u>

2.1 Skoolbestuurder is die volgende tye beskikbaar soos u die afspraak gemaak het. 10:30 – 11:30 en 13:30 – 15:00

2.2 Die skoolure is vanaf 7:30 tot 13:15. Middagsorg tot 17:15 is teen 'n addisionele bedrag beskikbaar.

2.3 Kleuters word vir ouers se gerief vanaf 6:50 deur 'n Personeellid in haar klas ontvang.

2.4 Halfdag leerlinge word vanaf 12:30 tot 13:15 afgehaal. 'n Bedrag van R50 sal by Skoolfonds-rekening gehef word, indien leerling na 13:15 afgehaal word.

2.5 Ouers word versoek om kleuters betyds voor 7:45 af te laai, sodat hulle aan al die aktiwiteite wat tot hul ontwikkeling beplan is, kan deelneem.

2.6 Gedurende Storietyd, wat daagliks vanaf 12:00 tot 12:30 is, word die voordeur nie oopgemaak nie. Enige persone wat dan arriveer moet asseblief geduldig buite wag, sonder om die klokkie te lui.

2.7 Op die laaste dag van elke kwartaal sluit die skool stiptelik om 9:30 vir skoolvakansie. Geen register word op die dag geneem nie.

2.8 Die skool sal ook gesluit wees met publieke vakansiedae en offisiële skool vakansies. Ons het egter vakansiesorg teen 'n addisionele bedrag van R50 per dag. Dit is vooruit betaalbaar.

## *3 VEILIGHEID*

3.1 Veiligheidshekke is te alle tye gesluit. Wees altyd bedag op u eie ondersteuning t.o.v. veiligheid.

3.2 Stel die skool asseblief vooraf in kennis wanneer iemand anders as u, sy ouers, hom/haar kom afhaal. Dit is veral belangrik wanneer hul saam met maats se ouers vertrek. Roetine tye, hoef net eenmalig gedoen word.

3.3 Geen kleuters word toegelaat om met muntstukke, werklike of speel swaarde, messe of enige skerp voorwerp, na SUNLAWNS te kom nie.

3.4 Geen ouer word toegelaat om met 'n Vuurwapen in sy/haar besit, die skool te betree nie.

3.5 Geen kleuter word alleen voor die voordeur afgelaai, om daar vir Onderwyseres wat oopsluit, te wag nie. Dit is u as ouers se verantwoordelikheid om toe te sien dat u kleuter veilig by sy/haar klas besorg word.

3.6 Ouers teken jaarliks 'n toestemming vir die vervoer van kleuters vir uitstappies ens., U sal in kennis gestel word wanneer daar 'n uitstappie met openbare of publieke vervoer is.

## 4. <u>SKOOLFOOIE</u>

SUNLAWNS is 'n kontantvrye skool, en ouers word aangemoedig om skoolgeld met 'n aftrekorder of Internetbetalings te doen. Kontant inbetalings by bank word nie aanvaar nie. Die skool betaal die koste wanneer u kontant inbetaal.

4.1 Skoolfooie vir 2020 beloop ____________ per maand vir halfdag en ___________ per maand vir voldag. Vir elf maande van die jaar. Die eerste paaiement is betaalbaar voor of op **7 Januarie** en die laaste betaling voor of op **7 November**. 'n 10 % Rente word gehef vir agterstallige betalings. Vakansiesorg is R50 per dag vooruit betaalbaar.

**Bankbesonderhede is:**

SUNLAWNS

ABSA BANK

Brandwag

Tjekrekening

Rekening nommer: 1570810177

Elke kleuter ontvang 'n rekening nommer wat met betalings gebruik moet word. Hierdie kode is belangrik met u betaling.

4.2 'n Intreefooi word deur nuwe leerders, eenmalig aan SUNLAWNS betaal. Die fooi word jaarliks deur die Finansiële komitee bepaal. Die fooi vir 2020 is **R1000-00.** Die fooi moet 2 maande na bevestiging tot toelating, betaal word, en is nie terugbetaalbaar nie.

4.3 Kleuters wat die skool verlaat, se ouers moet een kalender maand kennis gee. Ouers wat in gebreke bly om hierdie reëlings na te kom, sal aanspreeklik gehou word vir die volgende maand se skoolgeld betaling.

4.4 Indien ‘n leerder se skoolgeld drie maande agterstallig is, en geen skriftelike reëling tot die agterstallige bedrag se betaling gedoen is, mag die BHL van SUNLAWNS, die bywoning van ‘n kleuter tot SUNLAWNS, kanselleer.

4.5 Snoepiegeld word eenmalig vir die jaar inbetaal. Die bedrag is ________, en moet teen Februarie in kleuter se skoolfonds rekening betaal wees.

4.6 Geen kontantgelde word aan ‘n Personeellid gegee vir betaling van **enige** rekening.

4.7 Verhuring van skool perseel beskikbaar vir kinderpartytjies. Kontak vir juf Joriza i.v.m kostes en vir bespreking.

## 5. NAMIDDAGSORG

5.1 Namiddagsorg word aan ouers vir hul kleuters beskikbaar gestel. Dit neem in aanvang om 13:15 tot stiptelik 17:15. Huidig word dit deur Juffrou Joriza Scott gedoen.

5.2 Kleuters bring hul eie kos vir middagete, wat om ongeveer 13:00 genuttig sal word. Hierdie ete moet in 'n tweede kosblik, elke oggend deur ouers in kombuis geplaas word.

Merk asseblief u kleuter se kosblik, koeldrank, ens..

5.3 Ouers wat kleuters na 17:00 afhaal, sal 'n kontant boete, direk aan Mev. Scott betaal, volgens die tyd wat u laat kom.

5.4 Die koste van namiddag-sorg beloop _________ vanaf Januarie tot November. (11 Maande)

Betalings is dieselfde as skoolgelde met dieselfde kode.

5.5 'n Ingeskrewe leerling van SUNLAWNS mag 'n enkel middag vir Middagsorg bly.

Die bedrag van _________ sal op u kleuter se skool rekening gehef word. (Hul bring eie kos saam, soos gemeld.)

5.6 Kleuters mag enige tyd gedurende die middag afgehaal word. Stel skool in kennis

indien u hul nie self kom afhaal nie.
Veiligheid is belangrik.

5.7 Skriftelike kennis (e-pos) moet aan die skoolhoof gegee word, indien u kleuter nie meer voldag versorging gaan bywoon nie. Geen Mondelinge kennis word aanvaar nie! Gelde sal dan vir elke maand gehef word, tot kennisgewing.

## **6**. <u>GESONDHEID</u>

6.1 Publieke gesondheidsregulasies word streng nagekom. **Geen kleuter met 'n aansteeklike siekte word in die skool toegelaat nie**. (Hou in gedagte dat kopluise aansteeklik is.)

6.2 Alle immunisering moet op datum wees. 'n Afskrif van die immuniseringskaart moet by toelating ingedien word.

6.3 Alle allergieë moet asseblief skriftelik gerapporteer word.

6.4 Skakel asseblief die skool voor 8:00, of tussen 9:30 en 10:00, om kleuter se

afwesigheid aan te meld. Vooraf reëling met Juffrou word waardeer.

6.5 Indien kleuters medisyne gebruik, is Ouers self daarvoor verantwoordelik om die nodige besonderhede in die medisyneboek in te vul. Die boek is altyd by die Juffrou wat om 6:50 oopsluit, beskikbaar. Gee dit aan haar persoonlik. Geen medikasie word in 'n kleuter se tas gelaat nie. Die skool voorsien geen medikasie nie.

## 7. <u>KLEREDRAG</u>

7.1 Kleuters moet verkieslik ou speelklere skool toe dra. Dit dra daartoe by dat hulle heerlik speel en maklik aan aktiwiteite deelneem. Merk, Merk Merk alles. Dit is belangrik!

7.2 Selfhelpklere is noodsaaklik. Geen fantasieklere word toegelaat nie.

7.3 Dogtertjies se lang hare moet vasgemaak word. Dit is baie belangrik.

7.4 Gedurende somer maande kan kleuters kaalvoet skool toe kom, maar in die winter **moet** skoene gedra word.

7.5 Geen juweliersware van enige soort, mag gedra word nie. (Oorknoppies uitgesonder)

7.6 Alle kleuters, ongeag ouderdom, moet elke dag 'n stel ekstra klere in hul tas hê. (Hul gly soms in modder, of kry 'n glipsie).

7.7 Lang loshangende serpe/oorbelle word nie buite op speelterrein toegelaat nie.

7.8 Dogtertjies wat rokkies dra, moet asb. 'n kortbroekie/skipant ook aantrek.

## 8. FONDSINSAMELINGS, FUNKSIES EN VERGADERINGS

8.1 Daar word 'n komitee uit vrywillige Mammas saamgestel, wat behulpsaam is met die reël van funksies. Die vergadering word deur 'n Onderwyseres beplan.

8.2 SUNLAWNS se finansiële sake word deur 'n Beheerliggaam bestuur.

8.3 Ouervergaderings is baie belangrik en u sal vroegtydig van 'n vergadering in kennis gestel word. Die vergaderings is belangrik omdat dit goeie samewerking tussen u en die skool verseker.

8.4 Sosiale samekomste word gedurende die jaar gehou.
Dit smee nuwe vriendskapsbande, en verseker dat u deel van die SUNLAWNS gemeenskap voel. Dit is veral belangrik in die jong kleuter se lewe, omdat dit hom ondersteun om veilig by sy skool te voel.

## **9**. <u>ALGEMEEN</u>

9.1 Met verjaarsdae word versnapperings vir die 10:30 verversingstyd toegelaat. Reël asseblief vooraf met die betrokke onderwyseres. Geen Verjaarsdagpartytjie in skooltyd nie.

9.2 Geen etes word by SUNLAWNS bedien nie. Kleuters moet dus ontbyt eet, voordat hul

arriveer. Hul bring hul eie verversing vir 10:30.

9.3 Geen koekies, skyfies, lekkers of sjokolade word in die 10:30 kosblik toegelaat nie.

9.4 Kleuters word nie toegelaat om hul eie speelgoed in die oggende saam te bring nie.

9.5 Kleuters word nie toegelaat om Selfone na die skool, vir eie gebruik, te bring nie.

9.6 Dit gebeur soms dat u kleuter 'n apparaat van die skool (per ongeluk?) huis toe neem. Besorg dit asseblief terug aan die skool.

9.7 'n Kwartaallikse kruidenierslys van hoogstens 3 items word van elke kleuter gevra.

9.8 Stel asseblief die skool sonder versuim in kennis wanneer u persoonlike besonderhede verander. Dit is tot u kleuter se beswil.

9.9 Ouers moet elke jaar, gedurende Januarie die nodige dokumente, soos deur die Groep onderwyseres verskaf, voltooi en terugstuur.

9.10 Kleuters word nie deur personeel na skool of huis vervoer nie.

9.11 Goeie samewerking tussen die kleuter se ouerhuis en personeel is belangrik. Belangrike inligting word deur gegee met omsendbriewe en WhatsAp. Lees dit, sodat u bewus kan wees van gebeure en belangrike inligting.

9.12 Sensitiewe inligting rakende u kleuter, sal te alle tye vertroulik hanteer word.

9.13 U is welkom om enige voorstelle tot vernuwing, wat haalbaar is, klagtes of probleme met my as skoolbestuurder, te bespreek.

Saam neem ons hande, en bou aan die toekoms van 'n tradisie vaste skool, wat elke dag voluit, met Christelike beginsels leef.

**Y.L RAATH**

SKOOLBESTUURDER